Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BIngHons Elektroniese Ingenieurswese (12240092)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	128

Programinligting

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies Reg. G.1.3 en G.54, word ?n BIng-graad of ?n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

Ander programspesifieke inligting

Studente mag 32 krediete se modules uit 'n ander spesialisrigting of departement neem, met toestemming van die Koördineerder: Nagraadse studie.

Eksamens en slaagvereistes

i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.

Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste 128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druip (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word nie.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 128

Kernmodules

Navorsingsprojek: Ontwerp en laboratorium 733 (EPT 733) - Krediete: 32.00
Syferkommunikasie 732 (ETD 732) - Krediete: 32.00
Elektroniese verdediging - elektroniese ondersteuning 781 (ELB 781) - Krediete: 32.00
Mikrogolfteorie 780 (EMM 780) - Krediete: 32.00
Advanced topics in intelligent systems 733 (EAI 733) - Krediete: 32.00
Optimale beheer 780 (EBO 780) - Krediete: 32.00
Intelligente stelsels 732 (EAI 732) - Krediete: 32.00
Inleiding tot navorsing 732 (EIN 732) - Krediete: 32.00
Antenneteorie 780 (EMA 780) - Krediete: 32.00
Multiveranderlike beheerstelsels 732 (EMB 732) - Krediete: 32.00
Telekommunikasiestelsel-ingenieurswese 732 (ETT 732) - Krediete: 32.00
Navorsingsprojek: Teorie 732 (EPT 732) - Krediete: 32.00
Elektroniese verdediging - elektroniese teenmaatreëls 780 (ELB 780) - Krediete: 32.00
Hernieubare energie 732 (EGH 732) - Krediete: 32.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.